Augustus 2007

Panda Bulletin

TERUGVOER AAN WWF-SA SE ONDERSTEUNERS



WWF gee gehoor

WWF was 'n trotse vennoot van die Live Earth-konserte wat die klimaatveranderingsboodskap aan 'n gehoor van sowat twee biljoen mense wêreldwyd verkondig het.

WWF en Live Earth is albei uiters besorg oor ons planeet se gesondheidstoestand en het 'n opregte begeerte om onsself te red van die grootste omgewingsbedreiging wat die mensdom vandag in die gesig staar – klimaatverandering. Van die voorste kunstenaars soos die Parlotones, UB40 en Joss Stone het by die Suid-Afrikaanse Live Earth-konsert by die Coca-Cola Dome in Johannesburg opgetree. Dwarsdeur die konsert is klimaatveranderingsboodskappe en -oplossings aan die konsertgangers en televisiegehore tuis herlei. Konsertgangers het T-hemde met die WWF-logo en slagspreuk, "Hotter than I should be", ontvang. Die hemde was van 100 persent organiese katoen gemaak. Hulle het ook heliumballonne en tydelike tattoeëermerke met dieselfde slagspreuk ontvang. Spesiale dank gaan aan Afrox wat die helium goedgunstiglik geskenk het. (Helium is nie 'n kweekhuisgas nie.)

LIVE EARTH
THE CONCERTS FOR A CLIMATE IN CRISIS

'n Helder Gedagte

WWF en Philips, 'n wêreldleier op die gebied van ligtoebehore, het onlangs kragte saamgesnoer en energiedoeltreffende gloeilampies by besige Johannesburgse verkeerskruisings uitgedeel ter bevordering van die Live Earth-konsert en omgewingsverantwoordelike optrede deur Suid-Afrikaners.

HET JY GEWEET?

Indien een miljoen mense elk een tradisionele gloeilampie met 'n fluoresserende gloeilampie (CFL) vervang, sal meer as 200 000 ton CO_2-uitlaatgasse per jaar uitgeskakel word. Fluoor-gloeilampies hou 10 keer langer as tradisionele gloeilampies en gebruik 'n breukdeel van die energie.

’n Boodskap van dr. Rob Little, waarnemende hoof

Gedurende die afgelope maande is daar groot vordering gemaak in ons verhouding met die regering en die sakesektor. In ’n onlangse verslag van die Departement van Omgewingsake en Toerisme aan die sekretariaat van die Biologiese Diversiteitskonvensie, *The business case for biodiversity and good biodiversity practice in South Africa*, is WWF se naam nie minder nie as 25 keer genoem. Dit dek hoofsaaklik ons rol in die wyn-, vis-, heuning- en suikerindustrie.

Nie lank gelede nie het WWF minister Van Schalkwyk se publikasie oor die norme en standaarde vir die jag van gelyste spesies verwelkom. Ingevolge hiervan sal “geblikte leeujag” onwettig wees. Ons was ingenome met die regering se omvattende konsultasieproses ten einde alle standpunte te oorweeg alvorens ’n besluit geneem is oor hoe om die probleem op te los.

WWF is teen geblikte jag gekant, aangesien dit in stryd is met die beginsel dat die volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne gebaseer moet word op die bestuur van die henieubaarheid van sodanige hulpbronne. Die bestuur van ‘geblikte’ spesies is nie gebaseer op die welstand van die spesies nie en bewaring baat nie by die inkomste wat op dié wyse gegenereer word nie; derhalwe is daar geen aansporing vir die bewaring van die spesies of hul natuurlike habitats nie.

Gedurende die afgelope kwartaal het die voorgestelde oopstelling van die Tsitsikamma Mariene Beskermde Gebied (MBG) vir hengelaars heelwat media-aandag geniet. WWF het sy ekonomiese evalueringsverslag oor die Tuinroete se mariene beskermde gebiede, insluitend Tsitsikamma, aan besluitnemers en die publiek beskikbaar gestel. Die verslag skets die enorme ekonomiese waarde van dié gebiede en die ekonomiese implikasies van die voorgestelde oopstelling. Dit het tot rasionele denke oor hierdie omstrede kwessie bygedra en is aangehaal deur die media en in briewe van besorgde belanghebbendes aan die minister. Ons het onlangs verneem dat die voorgestelde oopstelling van die Tsitsikamma MBG nie die minister se steun geniet nie.

Morné du Plessis word hoof van WWF

WWF het aangekondig dat die gesiene bewaringskundige, dr. Morné du Plessis, as uitvoerende hoof van die organisasie aangestel is. Dr. Du Plessis is sedert 1996 hoof van die Percy FitzPatrick Instituut aan die Universiteit van Kaapstad.

In sy kommentaar het mnr. Mark Read, voorsitter van WWF Suid-Afrika, gesê: “In ons soeke na ’n nuwe uitvoerende hoof was ons bewus van die behoefte aan ’n bewaringskundige vir die pos. Ons is dus verheug om dr. Du Plessis se dienste te bekom.

“Hy het ’n reusebydrae tot bewaring gemaak en ons verwag dat sy leierskap WWF se werk ter bevordering van die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne van krag tot krag sal laat gaan.”

Dr. Du Plessis was voorheen die voorsitter van WWF se projekgoedkeuringsgroep en is tans voorsitter van die bewaringskomitee. Hy sluit hom op 1 September 2007 by WWF aan.

Leer in ’n veranderende wêreld

Die vierde internasionale Omgewingsopvoedings kongres is onlangs in Durban gehou en was onder meer gemik op die uitruiling van waarnemings en aanvaarbare praktyke in ’n globale konteks. Daar is ook beraadslaag oor huidige en toekomstige kwessies wat ’n uitwerking op omgewingsopvoeding en volhoubare ontwikkeling het.

Sowat 800 afgevaardigdes van ongeveer 62 lande het die tema “Leer in ’n veranderende wêreld” gedebatteer. Die kongres is deur professore, opvoeders, politici, wetenskaplikes, studente, navorsers, omgewingskenners en verteenwoordigers van die massamedia bygewoon.WWF Suid-Afrika se belangrikste omgewingsopvoedingsprogram, die WESSA/WWF Eco-Schools-program, is by wyse van ’n uitstalling, wat deur Nedbank befonds is, en ’n werksessie-aanbieding bekend gestel. Nampak het onlangs aangekondig dat hulle die nasionale Eco-Schools program vir ’n sesde jaar gaan befonds.

Byvangste-verslag

Na raming bly soveel as 34 000 seevoëls, 4 200 seeskilpaaie en meer as sewe miljoen haaie en rôe jaarliks in die langlynvisbedryf in die Benguela-seestroom se mariene ekostelsel in die slag. Aangesien die Suid-Afrikaanse, Namibiese en Angolese visserye hierdeur geraak word, het WWF met die regerings en visbedrywe van dié drie lande beraadslaag. Teen hierdie agtergrond het WWF en Birdlife ’n verslag oor die uitwerking van die langlynvisbedryf op kwesbare spesies seevoëls, haaie en seeskilpaaie in die betrokke ekostelsel bekend gestel. Dis die eerste verslag van sy soort en is deur die belanghebbendes van die Benguela-seestroom se mariene ekostelsel befonds.





Pick ’n Pay is die eerste groot Suid-Afrikaanse kleinhandelaar wat by WWF se Southern African Sustainable Seafood Initiative (SASSI) betrokke raak ten einde die volhoubaarheid van die land se seekosbedryf te verbeter. Die ketting-winkelgroep en Die Groen Trust sal vir die volgende drie jaar as medeborge van SASSI optree. Daarbenewens het Pick ’n Pay onderneem om sy seekos-aankope in samewerking met SASSI te verbeter. Dit sal onder meer behels dat die huidige seekos-aanbod geëvalueer word, die swakste keuses verwyder word, die bestes bevorder word en dié wat bewaringskommer wek, verbeter word. SASSI gaan nie net opleiding aan die Pick ’n Pay-personeel bied om die beleidsverandering te verstaan nie, maar gaan die winkelgroep ook help om leersame etikette en inligting by verkoopspunte daar te stel om verbruikers te help om beter volhoubare besluite te neem.

Nuwe personeel by WWF

Kommunikasiekoördineerder

Carolyn Cramer het by die kommunikasiespan aangesluit as kommunikasie-koördineerder.

Ontvangsdame

Margaret Philander is die nuwe ontvangsdame van die Stellenbosse kantoor.

Bestuuder: Verantwoordelike Visseryprogram

Sam Petersen is die programbestuurder van die Verantwoordelike Visseryprogram.

Assistent: Verantwoordelike Visseryprogram

Maria Honig staan Sam by as die Verantwoordelike Visseryprogram se assistent.

Omgewingsweek 2007: Tyd vir optrede

Gedurende Nasionale Omgewingsweek het WWF en die nasionale omgewingsveldtog, Indalo Yethu, kragte saamgesnoer om individue en organisasies te help om besliste veranderings te maak om aardverwarming aan bande te lê.

Dieselfde benadering – een wat persoonlike verantwoordelikheid voorstaan – vorm die kern van Al Gore se dokumentêre film, *An Inconvenient Truth*, wat landwyd by kleinhandelaars te koop is. WWF en Indalo Yethu het kleinhandelverkope van die film gesteun, aangesien dit 'n opvoedkundige hulpmiddel oor die werklikheid van klimaat-verandering is.

Oppenheimers ontvang WWF-toekenning

Nicky Oppenheimer, voorsitter van E Oppenheimer & Son en De Beers, en sy vrou, Strilli Oppenheimer, het saam die WWF Lonmin-toekenning vir omgewingsbewaring by 'n geleentheid in Johannesburg in Junie ontvang. "Hierdie toekenning is 'n gepaste erkenning vir die buitengewone bydrae wat die Oppenheimer-gesin en De Beers tot omgewingsbewarng in ons pragtige land gemaak het," het Mark Read (saam met die Oppenheimers op die foto) by die oorhandiging gesê.

Kolskoot vir Suid-Afrikaanse wynbedryf

Kolskoot vir Suid-Afrikaanse wynbedryf Die ekwivalent van die helfte van al die grond in Suid-Afrika wat deur wingerd beslaan word, is nou onder bewaring. Dit is 'n mylpaal wat die internasionale reputasie van die land se wyn 'n hupstoot gee en die omgewingsverantwoordelikheid van ons wynbedryf illustreer.

In minder as drie jaar het die Biodiversiteits- en Wyn-inisiatief (BWI), wynmakers en -boere 'n ooreenkoms bereik om 50 000 ha vir bewaring in die Kaapse wynlande opsy te sit.

By die BWI-toekenningsplegtigheid vanjaar is BWI-kampioenstatus verleen aan die wynlandgoedere Wedderwill, Cloof en Burgherpost. Terselfdertyd het 35 nuwe BWI-lede en drie nuwe koöperatiewe kelderlede erkenning ontvang vir hul bewaringsoptrede. Verbruikers kan www.bwi.co.za besoek om vas te stel watter wyne deel is van BWI.

Dylan Lewis-beelde bevoordeel WWF

Die bekende beeldhouer, Dylan Lewis, wat hom toespits op eietydse beeldhouwerke van diere, is die eerste komtemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaar wie se solo-uitstalling deur Christies opgeveil is. Al 75 van Lewis se brons dierebeelde is teen die verstommende bedrag van R28 miljoen (£1.9 miljoen) verkoop. 'n Persentasie van die opbrengs sal aan WWF geskenk word. Die veiling het egter nie net Suid-Afrikaanse geskiedenis gemaak nie, maar was ook 'n eerste in Brittanje, aangesien dit die eerste keer ooit was dat Christies 100 persent van die beskikbare kunswerk by 'n enkele veiling verkoop het. WWF is opreg dankbaar teenoor Dylan Lewis vir sy ruimhartigheid.

WWF INTERNASIONALE NUUS

14de CITES-konferensie

TRAFFIC en WWF is verheug oor van die goeie bewaringsbesluite wat by die veertiende CITES-konferensie in Den Haag, Nederland geneem is, maar betreur ander verspeelde kanse.

"In sekere opsigte, soos die belangrike besluite wat oor palings, saagvisse, olifante en tiere geneem is, was die konferensie 'n sukses. Maar ons is erg besorg dat lande nie die geleentheid benut het om met die bewaring van verskeie spesies te help waarmee handel gedryf word nie," het dr. Dr Susan Lieberman, direkteur van WWF se globale spesie-program gesê.

Volgende vyf jaar bepalend

Volgens 'n nuwe navorsingverslag deur WWF het die wêreld meer as genoeg volhoubare energie en tegnologie om aardverwarming teen te werk – indien sekere belangrike besluite binne die volgende vyf jaar geneem word. Die verslag, *Climate Solutions: WWF's vision for 2050*, is onlangs in Genève, Switserland bekend gestel.

In Mei het die derde verslag vanjaar deur die Intergovernmental Panel on Climate Change aangedui hoe die wêreld sy hitte-houdende uitlaatgasse kan beperk met behulp van (bestaande) tegnologie en beleids-veranderings. WWF se verslag oor klimaatoplossings wys boonop hoe dit gedoen kan word deur slegs volhoubare, omgewingsvriendelike energiebronne te gebruik.

Lisensiërings-ooreenkomste

Bly weg van besoedeling

Reinig jou huis en jouself met produkte wat goed is vir die omgewing en vir jou. Enchantrix beskik oor 'n reeks organiese, bio-afbreekbare skoonmaakprodukte en toiletware en 'n gedeelte van hul wins word aan WWF geskenk. Koop met 'n skoon gewete via die internet by www.enchantrix.co.za.

Herlaai eerder

Koop Uniross herlaaibare batterye. Die gebruik van herlaaibare batterye verminder die uitwerking op die omgewing aansienlik in vergelyking met die eenmalige gebruik van weggooibare batterye. Die gebruik van net een herlaaibare battery kan in sommige gevalle die gebruik van tot 1 000 weggooibare batterye vervang. WWF ontvang 'n gedeelte van die opbrengs uit die verkope van die batterye.

Klimaat-veranderings-posstuk

Hartlike dank aan al ons vry-gewige ondersteuners vir jul reaksie op WWF se oproep in April om bydraes ter bestryding van aardverwarming. Die skenkings staan nou op R88 042.

Nuwe korporatiewe vennote

Acc Ross Holdings (Edms.) Bpk.
Brimstone Investment Corporation Bpk.
Coronation Fund Managers
CTM Port Elizabeth
eLan Developments (Edms.) Bpk.
Indalo Yethu
iVeri Payment Technology
John Dory's
Keedo
Media Compete
Oracle Airtime Sales
Quayside Developments (Edms.) Bpk.
Relais Hotelle
Scan Display
Teljoy Groep Bpk.
Three Cities Groep
Tourvest Bpk.

Herwin met Mzanzi

Cummins Suid-Afrika is 'n uitstekende voorbeeld van 'n maatskappy wat sy omgewingsbewaringsrol ernstig opneem. Mzansi Office Recycling & Consumables vergader herwinbare produkte soos leë inkkassette by Cummins en skenk 'n persentasie van die opbrengs aan WWF. Dié soort projek is 'n uitstekende manier om alle personeel te betrek om 'n wesenlike verskil te maak.
Skakel Mzansi by 086 057 0000 om uit te vind hoe jy betrokke kan raak.

WWF

Kontak ons:

Millenniapark, Stellentialaan 16
Privaatsak X2, Die Boord, Stellenbosch 7613

www.wwf.org.za

Tel: (+27 21) 888 2800, Faks: (+27 21) 888 2888
Reg. Nr.: 003-226 NPO, BTW Nr.: 4820122481